DIE OLIELAMP

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

REDAKSIONEEL

‘n Nuwe uitgawe van die Olielamp, nuwe artikels, nuwe gedagtes….
Maar gebruik ons hierdie artikels ook regtig tot opbou van ons geloof of kry ons Sondae die Olielamp en sit hom eenkant op ‘n tafeltjie? As daar dan ‘n tydjie is wat ek tog niks beters het om te doen nie, sal ek hom bietjie deurblaai. Nou lees jy een van die artikels en een van die dinge wat jy doen word as verkeerd bestempel, wat doen jy nou ? Sê jy: "ja, ek was verkeerd, ek sal van nou af aan aandag daaraan gee" of sê jy "Man, maar hierdie mense kan darem maar oordryf, dit wat ek doen is glad nie so sleg nie, hulle weet niks van my omstandighede af nie" Is dit nie maar hoe ons baie keer dink oor dinge wat ons lees en ons aanspreek op ons sondes nie?

Maar maak ons dan nie net soos Jona nie? Jona was glad nie lus om God se wil te doen nie. Hy het weggevlug na Tarsis toe, omdat God se planne nie in sy plan ingepas het nie. Is dit by ons ook maar nie baie keer so nie? Ons weet baie goed dat wat ons doen verkeerd is, maar dis so lekker of kom ons nou net goed van pas. So een klein ou dingetjie wat nie volgens God se wil is nie, kan mos nie so erg wees nie? Later as ek dit nie meer nodig het nie sal ek dit verbeter. Later… En as daar geen later meer is nie? Wat sê jy vir God as jy daar voor Sy regterstoel staan? Ek sou dit reg gemaak het…?

As iemand jou aanspreek op jou sondes deur middel van ‘n artikel of op enige ander manier, moenie dit langs jou neerlê nie, maar wees dankbaar dat die ander jou daarop aanspreek en verbeter dit wat verkeerd is nou!

Ek hoop dat hierdie Olielamp vir julle almal leersaam en tot opbouing van julle geloof sal wees. Sterkte ook aan julle almal met al die werk wat nog voorlê, die vakansie is darem alweer in sig.

Namens die Maranata redaksie
Cora

INHOUD

Redaksioneel	1
Uit die woord	**2**
God se werk gaan altyd voort	2
Jy en jou Ouers	3
Oppad	**4**
Die Middele van Verenigingswerk	4
Die Euro word werklikheid	6
Bybelstudie vereniging 5	7
Voel jy ook so?	**8**
Ek is tog…	8
Seksualiteit: Is daar gevare?	8
Lirieke onder die loep	11
Sosiaal	**12**
Sleutelgat	12
Eendag as ek groot is …	13
Voetspoor	14
Plaasnaweek	15
Nog iets…	**15**
Gedig: Die Gawe van Enkelwees	15
Verjaarsdae	16

GOD SE WERK GAAN ALTYD VOORT

Jan Geerts

Handelinge 16:25-40: God se werk gaan altyd voort al lyk dit vir ons asof dit gaan doodloop. Die owerheid in Filippi (satan) wou die verspreiding van die evangelie stop deur Paulus en Silas in die gevangenis te werp, maar juis deurdat hulle in die gevangenis gewerp is, het die tronkbewaarder tot geloof gekom.

Paulus en Silas het in die gevangenis tot God gebid om hulle te vertroos in hulle beproewing en God gedank dat hulle waardig geag is om vir sy Naam te mag ly (vgl. Matt. 5:11).

En skielik kom daar ‘n groot aardbewing, sodat die fondamente van die gevangenis geskud het. En onmiddellik het al die deure oopgegaan en die boeie van almal het losgeraak.

En die tronkbewaarder het wakker geword; en toe hy sien dat die deure van die gevangenis oop was, het hy ‘n swaard getrek en wou homself om die lewe bring, met die mening dat die gevangenes ontvlug het (vers 26 en 27).

Die tronkbewaarder wou selfmoord pleeg, omdat hy geweet het wat met hom gaan gebeur as die gevangenes ontsnap. Die Romeinse wet was dat die tronkbewaarder dieselfde straf sal kry as die ontsnapte gevangene. Hy sou ‘n smadelike dood sterf en hy wou dit vryspring. Kyk maar wat het met die bewaarders van Petrus gebeur toe die engel hom uit die gevangenis gelei het (Handelinge 12:19). Hulle is almal tereggestel.

Maar Paulus het met ‘n groot stem geroep en gesê: Moenie jouself kwaad aandoen nie, want ons is almal hier (vers 28).
En hy het hulle na buite gebring en gesê: Menere, wat moet ek doen om gered te word? (vers 30).

Sy saligheid is nou sy grootste worsteling. God het hom sy nood laat sien en hy vra watter weg hy nou moet gaan. Uit genade gee God sy Woord en ook diensknegte om te help by die verstaan van die Woord.

Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin (vers 31) .

Redaksies:

Pretoria:
Redakteur: Karina Smit - karina_s@freemail.absa.co.za
Sekretaresse: Tanya de Vente
Lede: Wilma Lubbinge
Chris Stolper
Arjan van Houwelingen

Maranata:
Redaktrise: Cora Visser - jrvisser@global.co.za
Penningmeester: Daniël van der Meulen
Sekretaresse: Marie Louise van den Bout
Lede: Cornelia Kerkhoff
Frans Hagg
Johan de Vente

Kaapstad:
Redaktrise: Carina van Alten (luctor@mweb.co.za)
Artikelversorging: Corrien Geleynse
Jaco Haak
Sekretaresse: Clara van der Vinne
Finansies: Albert Drijfhout

Kontakpersone:
Johannesburg: Marietjie Bijker
Bethal: Eugene du Preez

Administrasie & uitleg:
Willemien Kleijn - willy_k@freemail.absa.co.za
Gerhard Bijker - gerh@rd.co.za

Ons hoop om *Die Olielamp 9* keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende Internet adres:
http://www.vgk.org.za/olielamp/

Koste: R45.00 per jaar

Glo. Hulle moet die getuienis aanneem, wat God in sy Woord oor sy Seun gee; hulle moet aanvaar dat dit waar is. Hulle moet ook die metode aanvaar wat God gebruik om die wêreld met Homself te versoen. Daar is geen ander weg om gered te word as deur Christus nie.

Paulus en Silas het eers die woord aan hom verkondig, nog voordat die tronkbewaarder hulle wonde versorg het. Hulle smee die yster terwyl dit warm is. Noudat God begin werk, is dit vir hulle tyd om God se medearbeiders te wees.

En hy is onmiddellik gedoop, hy en al sy mense (vers 33).

Hulle het nie net die tronkbewaarder die Woord verkondig nie, maar aan hom en al sy mense. Die Gees van genade het skielik 'n kragtige geloof in hulle gewerk. Paulus en Silas het deur die Gees geweet dat dit die werk van God is. God se werk kan nie gekeer word nie.

JY EN JOU OUERS

Anoniem

Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg. Eer jou vader en jou moeder – dit is die eerste gebod met 'n belofte – sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde Efésiërs 6:1-3.

Wat beteken dit om eerbied te hê vir jou ouers? Is dit so iets soos eerbiedig wees vir hul grys hare? Moet ons eerbied vir hulle hê omdat hulle ouer is as ons, of omdat hulle meer lewenservaring het?

Nee, dis nie wat bedoel word in die vyfde gebod nie. Dit word duidelik, as daar staan dat ons ouers gesag oor ons het. Gesag? Dis mos 'n vreeslik ouderwetse begrip?! Wie praat vandag nog oor gesag?

Kom ons neem aan dat jy goed oor die weg kom met jou ouers. Dan beskou jy hulle mos omtrent as gelykwaardige mense? Goed, hulle mag bietjie 'n ander posisie as jy hê, maar verder...? Jou ma is jou goeie vriendin, en jou pa jou goeie vriend. Dis hoe ons mekaar behandel. As die verhouding dan slegter is, praat ons vinnig oor "die ou man".

Is dit nie hoe ons maklik dink nie? Maar God dink anders hieroor. Om eerbiedig te wees teenoor jou ouers is iets totaal anders as eerbied vir hul grys hare. In Efésiërs 6 sê Paulus: "Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg."

Ge*hoor*saam wees – ja, dit bevat die woordjie "hoor". Met ander woorde, jy moet vir jou ouers luister. Jou ouers is nie tiranne nie. Hulle het die goeie vir jou in die oog. Hulle wil jou op die goeie weg wys en jou daarop laat gaan. Hulle wil jou die weg van die HERE wys.

Dit is die bedoeling van die opvoeding van jou ouers. Hulle wil jou leer hoe om selfstandig jou plek in hierdie lewe te kan vind. Om dit te doen moet hulle dan somtyds vir jou sê: "dit mag nie"; en "dit moet jy doen". Hulle doen dit dan nie om jou te irriteer nie. Inteendeel, hulle doen dit vir jou beswil.

As jy eerbiedig teenoor jou ouers is en hulle gehoorsaam, dan sal jy later daarvan vrugte kan sien in jou lewe. Deur hulle soek die HERE die beste vir jou. Hy wil hê dat jy 'n gehoorsame kind van Hom moet word. Daarvoor wil Hy jou ouers gebruik.

God gee by hierdie gebod ook 'n belofte: "dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee" (Eks. 20:12). Maar is die belofte nie spesifiek vir Israel nie? Is dit nog wel van toepassing op ons?

Ja, dit is. Weet jy wat God hier sê? Hy sê dat as ons gehoorsaam is aan ons ouers en aan almal wat Hy oor ons gestel het, dan mag ons ook iets van Hom verwag. Dan wil Hy ons seën. Dan wil Hy wys dat Hy getrou is aan sy beloftes.

Dit was mos waaroor dit gegaan het? Die HERE het mos vir Israel belowe dat hulle lank sou woon in Kanaän as hulle vir Hom sou luister. By die vyfde gebod sê God: Dít geld veral, dat Ek my beloftes sal vervul, as julle maar net luister na julle ouers. Dit geld ook op ander areas. As die burgers luister na die owerheid wat God oor hulle gestel het en die wette van die land eerbiedig, dan sal die HERE rus en voorspoed in dié land gee. Maar as mense die gesag ignoreer, dan sal die HERE nie sy seën gee nie.

Vandaar dat daar soveel probleme is in ons land. Vandaar dat daar in sommige gesinne so 'n triestige toestand heers. Hulle is nie gehoorsaam aan hierdie gebod nie. Dan mag ons ook nie God se seën verwag nie; dan gaan alles verkeerd.

Leef dus soos iemand wat in alles gehoorsaam wil wees aan hierdie gebod. Bewys alle eer, liefde en trou aan almal wat oor jou gestel is. Daarmee is die HERE bly. En dit is ook goed vir jou.

Vertaal uit*: Leven... met God: bijbels leesboek voor jongeren* deur Ds. R. Timmerman

DIE MIDDELE VAN VERENIGINGSWERK

Willemien Kleyn

Vorige keer het ons gesien dat die doel van verenigingswerk is om *God se Woord te bestudeer en so God al hoe beter te leer ken en liefhê*. Middele is dinge wat ons gebruik om verenigingswerk te kan doen. In die hantering van die middele mag ons die doel nie vergeet nie. Om weer by te las by die voorbeeld van huis bou, moet ons, terwyl ons besig is met bakstene pak, nie vergeet wat die uiteindelike plan is nie, naamlik om ’n huis te bou. As ons ons doel vergeet kan ons baie maklik afdwaal van Bybelstudie en begin om allerhande interessanthede te bespreek, terwyl God se Woord toe bly. Laat ons nou kortliks kyk na die verskeie middele wat ons het vir ons verenigingswerk.

Voorbereiding

Verenigingswerk begin by die huis. ’n Mens dink dan in die eerste plek aan voorstudie. Baie keer moet dit nog gou-gou op die laaste oomblik gebeur. Dan kry 'n mens net kans om vinnig alles een keer deur te lees. Dit is baie beter om alreeds eerder die Bybelgedeelte te lees. Dan het 'n mens tyd om daaroor na te dink. As jy toegang het tot meer vertalings, help dit om die vertalings met mekaar te vergelyk. Lees verder ook verklarings. Jy ontvang voorstudiemateriaal, maar dit is nuttig om ook in jou eie en ouers se rakke te gaan soek vir verdere verklarings. Terwyl jy dit alles lees moet jy dink oor watter toepassings die hoofstuk het. Dit help ook om vrae te vra by die teks en daardie vrae dan sommer neer te skryf. Dan is jy terselfdertyd ook voorbereid met vrae vir die bespreking.

Maar voorstudie op sy eie is nie genoeg nie. Dit is ook baie belangrik om te bid. Bid vir die voorsitter. Baie keer sien hy/sy daarteen op om die vergadering weer te moet lei. Bid ook vir die ander verenigingslede en vir jouself. Ongelukkig is die atmosfeer by vereniging nie altyd opbouend nie. Satan is altyd bereid om dit onaangenaam te maak. Deur gebed kan jy hierdie probleem aan jou hemelse Vader voorlê. God het belowe dat Hy altyd sal luister. Miskien kan ons dit prakties maak met ’n paar voorbeelde. Miskien is jy geneig om vreeslik gefrustreerd te raak met sekere ander verenigingslede. Bring dit dan na God in gebed en vra vir geduld. Of miskien is jy baie skaam en durf jy amper nie om jou mond oop te maak om ’n bydrae te lewer nie. Bid dan vir die moed om dit tog te kan doen. As jy so die vereniging aan God opdra, kan jy nie langer die ander net sien as hoogmoedig, eiewys, lastig ens. nie. Hulle is mos jou medebroeders en -susters wat ook met hul sondes moet stry?! Die gebed is werklik kragtig (sien Jak. 5:13-18).

Die Inleiding

Dit is nie altyd maklik om ’n inleiding te maak nie. Ja, dis dalk maklik om die hoofstuk in jou eie woorde oor te skryf, maar om ’n inleiding te maak wat werklik nuttig is vir die bespreking is iets totaal anders. Dis nie maklik nie. Onthou die doel van verenigingswerk was om God se Woord te bestudeer en so God al hoe beter te leer ken en liefhê. Met ander woorde moet die inleiding help om God beter te leer ken en liefhê. Dit beteken dat daar wel plek kan wees vir basiese uitleg van die hoofstuk om onduidelikhede op te klaar. Maar die inleiding moet meer as dit doen, dit moet prakties na die hoofstuk kyk en dit toepas in ons daaglikse lewe.

Om so ’n inleiding te maak is deeglike voorstudie absoluut noodsaaklik. Jy moet na die hoofstuk en na verklarings daarvan kyk. Soek ook toepaslike belydenisskrifte op om daardeur meer lig op die hoofstuk te werp. Dit kan ook wees dat die hoofstuk ’n belangrike plek ingeneem het tydens die kerkgeskiedenis. Dink byvoorbeeld aan Romeine 1:17 – “die regverdige sal uit die geloof lewe.” Hierdie teks het ’n prominente rol gespeel tydens die Reformasie van die 16de eeu. Om sulke verbande te kan lê, gee mens ’n breër kyk op die rykdom van God se Woord in die stryd teen dwaalleer. Maak aantekeninge tydens jou voorstudie. Dit kan later help as jy begin om jou inleiding te maak.

In die inleiding moet jy probeer om die kernpunte van die teks uit te lig. Dit is nie nodig om elke detail te bespreek nie. Fokus op die kernboodskap van die teks. Dit is ook nie nodig dat die inleiding ’n goed geformuleerde preek moet wees nie. As jy wil kan jy selfs puntsgewys werk. Dit is ook makliker vir die vereniging om te onthou en gebruik tydens die vergadering. Jy kan ook besluit om net ’n klomp besprekingspunte uit te werk. Sulke besprekings-punte moet op die dieper betekenis van die teks en die meer praktiese toepassings fokus.

’n Ander manier waarop mens beter gebruik kan maak van die inleiding is deur om die verenigingslede almal te vra om aantekenings te maak terwyl die inleiding gelees word. Deur om dit te doen sal hulle meer aandagtig luister en sal hulle die inleiding ook later in die bespreking beter kan onthou en gebruik.

Die Bespreking
Herken julle die volgende situasie: “Baie dankie vir die maak en lees van die inleiding. Daar is dan nou geleentheid vir die eerste vraag.” Stilte… Die verenigingslede duik in hul sketse en Bybels en dit lyk amper asof niemand enigsins voorstudie gemaak het nie. Dan kom daar gelukkig tog ’n eerste vraag. Die voorsitter is verlig as daar daarna nog vrae kom. Die een vraag volg onwillekeurig op die vorige en die bespreking spring van die een gedeelte van die teks na die ander.

Miskien is dit ’n bietjie oordrewe. Tog gebeur dit wel partymaal. Is dit moontlik om hierdie situasie te voorkom? Ja, daar is ’n paar dinge wat mens kan doen:

- Soos alreeds eerder genoem, help dit as al die verenigingslede tydens hul voorbereiding vrae neerskryf. Hulle kan ook stellings neerskryf.
- Die inleier kan ook besprekingspunte opstel.
- Die bespreking kan meer georganiseer word. Kry ’n lysie van vrae aan die begin van die aand en sorteer hulle dan bietjie uit. Behandel al die verduidelikingsvrae eers en bespreek daarna die vrae oor die praktiese toepassings.
- 'n Mens kan ook ander vergadertegnieke gebruik soos om bv. eers kleiner groepsbesprekings te hou.

Ons het nou gekyk na die inhoud van die bespreking, maar daar is nog ’n belangrike ding waaraan 'n mens aandag moet gee. Daar was mos ook sosiale doelwitte. 'n Mens moet hulle in ag neem tydens die bespreking. Dit is so maklik om ander mense af te kraak. Maar ons moet “najaag wat tot vrede en onderlinge stigting dien” (Rom. 14:19). Dit begin in ons gedagtes. Ons moet oefen om positief oor die ander mense te dink. Voordat ons praat moet ons vir onsself vra, “wat kan ek sê of doen om die ander mense op te bou, te bemoedig en te versterk?”
Opbou hou ook in dat ons aandagtig vir die ander mense luister. Ons wys dat ons belangstel in mekaar. Want elkeen van ons is belangrik. Ons is almal kinders van God; Koningskinders.

Voorsitters (manlik of vroulik!)
Ons verenigings het almal voorsitters wat aangestel is om ons besprekings te lei. Hul taak is ’n dienende taak. Hulle moet bedag wees op die ander verenigingslede. Hulle is **mede** verantwoordelik vir die verloop van die bespreking. Hulle moet sorg dat God se Woord bespreek word en dat die bespreking nie afdwaal nie. Verder moet hulle groepsgerig werk. Hulle moet help om die vereniging lekker te maak.

Maar die voorsitters is nie alleen verantwoordelik vir die goeie verloop van die aand nie. Die res van die vereniging is ook verantwoordelik. Hulle moet ook bydra. Dit is onmoontlik vir ’n voorsitter om op sy eie die aand suksesvol te maak. Die res van die vereniging moet hom daarby help. Hulle moet hom respekteer vir die taak wat hy moet vervul en hom bystaan. Dit is hulle vereniging, nie sy vereniging nie. Dus moet hulle almal hul bydrae lewer.

Sing
In Efésiërs 5:19 roep Paulus ons op om mekaar toe te spreek “met psalms en lofgesange en geestelike liedere; en sing en psalmsing in julle hart tot eer van die Here.” Dit kan baie stimulerend wees om saam te sing. So kan ons God loof en mekaar opbou. ’n Mens kan altyd bietjie variasie inwerk deur om ’n nuwe lied aan te leer of deur om gebruik te maak van beurtsang of kettingsang (kanon).

Gebed
Gebed is ’n kragtige middel (Jak. 5:13-18). Ons kan mekaar aan die Here opdra in gebed. Dit is nog ’n manier waardeur ons die gemeenskap van heiliges kan beoefen. Ons moet strewe om ons verenigings so te laat funksioneer dat ons die vrymoedigheid het om ons verdriet en probleme maar asook ons blydskap met die vereniging te deel (1 Kor. 12:25, 26). Dan kan ons saam daaroor bid. Verder kan ons ook bid vir die res van die gemeente, en die samelewing.

Ander Aktiwiteite
Verenigingswerk gebeur hoofsaaklik op ons verenigingsaande. Nogtans is daar ook plek vir ander aktiwiteite op ander dae. Daardie aktiwiteite bestaan uit twee soorte.

In die eerste plek is daar verenigingsgerigte aktiwiteite. Hierdie aktiwiteite is daarop gerig om die sosiale doelwitte van die vereniging te bevorder. Die vereniging ontspan dan saam of werk saam vir fondsinsamelings.

Maar dit is ook belangrik om na buite te reik. Die vereniging kan uitreik na ander gemeentelede, soos byvoorbeeld siekes, eensames en bejaardes. Dit kan gebeur deur middel van kaartjies of besoeke. Elke vereniging kan sy eie kreatiwiteit gebruik oor hoe dit ingevul kan word. Verder kan ’n vereniging ook uitreik na buitestaanders. Deur hul verenigingswerk het hulle mos God se Woord leer ken. Nou kan hulle dit ook verder vertel (sien weereens Psalm 78 asook die wapenrusting se skoene).

Onmoontlik?!
Ons het nou na baie goed gekyk. Dit kan 'n mens moedeloos maak om te sien hoe baie goed gedoen moet word. Kan ons dit werklik alles doen? Nee, geen enkele mens kan dit alles perfek doen nie. Nogtans moet ons met ’n ernstige voorneme begin

om daaraan te werk (sien ook vraag en antwoord 114 van die Heidelbergse Kategismus). Saam kan ons leer om God al hoe beter te dien.

Verdere Leesmateriaal

- Lees die tekste wat genoem is
- "Hoe Maak ek 'n Inleiding" deur A.T. Kamsteeg in *Geloofsekerheid: Kwartaal 1 en 2 – 1999.*
- "Persoonlike Bybelstudie" deur ds H.J.C.C.J. Wilschut in *Geloofsekerheid: Kwartaal 1 en 2 – 1999*.
- *Werken in het Verbond: Handleiding ten dienste van leid(st)ers en ouderbesturen*. Party van die hoofstukke is vertaal en gepubliseer in die Olielamp in 2001.
- *Bijbelstudie in de Gemeente.* deur Drs. H.J. Boiten e.a.
- *Steunpunten:* een speciaal nummer van het CJB.
- *Zonder Omweg:* een speciaal nummer van het CJB.

DIE EURO WORD WERKLIKHEID

Kokkie Kooyman

Vir baie mense 'n droom, ander 'n bedreiging. In hierdie artikeltjie sal ons vinnig kyk na die Euro: hoekom, wat beteken dit; bedreigings. Onder bedreigings sal ons dan spesifiek ook kyk na die vrees onder sommige Christene dat die Euro deel is van die beweging na die teken van die bees uit Openbaring wat Christene sal verhoed om handel te dryf.

Vanaf 1 Januarie 2002 maak die Euro sy verskyning om binnekort as enigste wettige betaalmiddel in die lande van Europa al die ander geldeenhede te vervang (gulden, mark, lire, paseta, frank, dragma ens.).

Die Euro - Hoekom:

Die Euro vloei voort uit die strewe na die vorming van 'n Europese ekonomiese en politieke magsblok, deels om 'n teenvoeter te wees vir die magtige Verenigde State van Amerika.

Kapitalisme

In die kapitalistiese stelsel is opbrengs op kapitaal koning. Dit gaan om die maksimalisering van die opbrengs op kapitaal. Kapitaal in die kapitalistiese stelsel moet dan ook volkome vry wees om te beweeg na waar hy die beste koers kan verdien.
Kapitaal wil vryelik beweeg oor landsgrense. As die opbrengs wat behaal kan word in Frankryk (of Suid-Afrika) nie goed genoeg is nie, wil die kapitalis sy kapitaal kan skuif na Portugal of Rusland.

Dit beteken dat regerings en maatskappye alles moet onderwerp aan hierdie koning, ten minste as hulle kapitaalinvesterings wil behou of nuwe kapitaal trek (en kapitaal het jy nodig as jy wil groei). Dus as 'n masjien 'n sekere produk goedkoper kan maak as 100 arbeiders, moet die arbeiders afgedank word en die masjien aangeskaf word.

Uiteindelik is dit waarom een Europa so belangrik is: as meer lande deel word van een handelsblok, word hindernisse wat handel tussen die verskillende Europese lande belemmer, uit die weg geruim. So word dit makliker vir bv. 'n Nederlandse vervaardiger om sy produkte oor die hele Europa te versprei; en 'n groter mark beteken laer produksiekoste per eenheid en dus goedkoper pryse en ook meer wins.
Vir die politici en Europa-nasionaliste beteken 'n verenigde Europa ook groter mag met al die voordele wat dit meebring. Die verenigde Europa met 'n bevolking van ongeveer 250 miljoen mense behoort vir die gemiddelde Europeaan verhoogde welvaart mee te bring.

Goed of sleg?

Deel van die kultuuropdrag van die mens is om aktief besig te wees in die skepping en voortdurend te soek na metodes om te verbeter. Materieel gesien is die eenwording van Europa positief. Neem maar net die voorbeeld van die verdwyning van landsgrense of die verskillende geldeenhede wat mense en produkte toelaat om nou ongehinderd van een land na 'n ander te beweeg (en die beste prys en/of produk te soek). Dit op sigself speel al 'n groot rol om die inflasiekoers in al die lande laer te dwing.

Die wat teen die eenwording van Europa is, vind dit jammer of verkeerd dat uiteindelik die verskillende nasionaliteite sal verdwyn. 'n Mens kan daarteen argumenteer dat dit eerstens 'n proses is wat al duisende jare voortduur (dink maar net aan die nasies wat in die Ou Testament genoem word wat verdwyn

het). Tweedens het bv. die televisie ‘n baie groter rol gespeel in die gelykvormigheid van nasies. Almal wil nou lyk/ aantrek/ praat/ optree soos hul filmster of sporthelde.

Dan is daar dié wat die instelling van die Euro as deel van die beweging na die tyd wat in Openbaring 13:16+17 voorspel word, sien (niemand kan handel dryf wat nie die merk van die bees op sy voorkop of regterhand het nie).

Daar is genoeg voorbeelde in die verlede wat bewys dat in hierdie sin die Euro geen bedreiging is nie. ‘n Mens sou dieselfde argumente kon voer by die totstandkoming van die Amerikaanse dollar. In elk geval, daar is baie groter gevare vir die Christen van vandag waar ons eerder op moet konsentreer: materialisme, passiwiteit, bombardement van verleiding in films/advertensies/ens., drank- of rookmisbruik/verslawing, ens, ens.. Miskien is hierdie teks nie heeltemal in sy bedoelde verband nie, maar Jesus waarsku tog self in Lukas 12: 4-7: “moenie vrees vir die wat die liggaam kan doodmaak en daarna niks meer kan doen nie, … , maar vrees Hom wat, nadat Hy doodgemaak het, by magte is om in die hel te werp; ja, Ek sê vir julle; vrees Hom”.

M.a.w. moenie spoke opjaag oor dinge wat ons moontlik fisies sal bedreig nie, konsentreer eerder op die werklike geestelike versoekings wat ons elke dag van die Woord van God wil wegtrek.

BYBELSTUDIE VERENIGING 5

Frans Hagg

Wat moet ons behandel?
Die vraag word gereeld gevra aan die begin van die jaar. Besluite moet geneem word en dit is nie altyd maklik nie. Daar moet 'n balans wees tussen die verskillende dele wat behandel word. Die een wil dít bespreek en die ander iets anders. Tog moet daar 'n besluit geneem word. In die artikel volg 'n paar idees wat handig te pas kan kom in die keuse wat gemaak moet word.

Die hele Bybel?
Die jeug is omtrent 6 jaar op jeugvereniging. Die sistematiese behandeling van die hele Bybel is nie die doel en kenmerk van ons vereniging nie. Dit lê meer in die gebied vir godsdiens-onderwys, waar al die Bybelboeke in groot lyne bespreek word.
Die jeug hoef nie die Bybel in die plus-minus 6 jaar deur te werk nie. Die waarde van die jeug-vereniging lê nie in die kwantiteit nie, maar in die kwaliteit van die behandeling. En buitendien behoort daar nog genoeg tyd later in hul lewe te wees om die Bybel verder te bestudeer.

Hele Bybelboeke of net 'n gedeelte daarvan?
Die hele Bybelboek
Elke Bybelboek het sy eie boodskap en om die boodskap goed te verstaan, sal dit tot voordeel wees om die hele boek te behandel. Deur so met die Skrif om te gaan leer die jeug om nie selektief te lees nie en net te lees wat hulle wil nie.

Aan die praktiese kant van die redenasie is dit ook voordelig om die hele boek te bespreek omdat voorstudie materiaal dan uit een boek hoef te kom en nie saamgestel hoef te word uit verskillende boeke nie.

Gedeelte van die Bybelboek
Dan aan die ander kant is daar die redenasie dat die boek te lank is en van die feite in die verskillende hoofstukke ooreenstem, of die boodskappe in die verskillende boeke ooreenstem. Dan kan die jeuglede ook verveeld raak met die behandeling van een boek. Veral as dit 'n lang Bybelboek is met hoofsaaklik historiese feite, soos sekere boeke in die Ou Testament. Afwisseling is goed, maar nie te veel nie.

Kerkgeskiedenis
Al is die kerkgeskiedenis nie deel van die Bybel nie, is dit baie belangrik om te weet wat daar aangaan. Ook daar sien ons hoe God werk in sy kerk. En sonder die kennis gaan ons nie kan verstaan hoekom sekere dinge in die verlede gebeur het nie en waarom ons gemeentes vandag is soos hulle is. En omdat die geskiedenis homself herhaal, kan ons deur met die bestudering van die kerkgeskiedenis sien wat moontlik in die toekoms gaan gebeur. Baie van die gebeurtenisse in die kerkgeskiedenis se redes en besluite is 'n weerspieling van God se besluite en God se Wil.

Vrye onderwerpe
Nie te veel vrye onderwerpe nie
Die hoeveelheid behandelings van vrye onderwerpe in ons vereniging moet nie te veel wees nie. Ongeveer drie tot vier per jaar is genoeg. Die eerste prioriteit van bybelstudie is om die Bybel beter te leer ken en sodoende God beter te leer ken. Maar met die spoed en ontwikkeling van vandag se wêreld is tog nodig om sekere onderwerpe te bespreek wat nie duidelik in die Bybel uitgelê word nie.

Die moontlikheid van afsonderlike temas
Die behandeling van 'n onderwerp kan volg as gevolg van bepaalde omstandighede. Bv. 'n sekte of kulte wat aktief besig is in ons omgewing, of dalk 'n besluit wat deur die regering gemaak is. Sulke gebeurtenisse bring dan baie vrae by ons op en dit is dan goed dat ons hieroor besin.

By die kies van 'n tema, moet ons ons beperk tot die onderwerp, wat duidelik spesiale aandag benodig. Dus hoef ons nie onsself te bind aan 'n seker aantal vrye onderwerpe per jaar nie. Maar as daar niks gebeur wat aanleiding kan gee tot die bespreking van 'n vrye onderwerp nie, kan daar 'n lys opgestel word met 'n aantal onderwerpe wat bespreek kan word.
Tema-behandeling vra vir spesiale voorbereiding
Omdat die tema gewoonlik nie gebonde is aan 'n sekere gedeelte in die Bybel nie, verg dit meer moeite van ons vir voorstudie. Ook moet die voorstudie materiaal van goeie gehalte wees, sodat daar nie dalk misverstande is nie. Maar dit is 'n goeie ding om so nou en dan 'n vrye onderwerp te hê want sodoende is daar afwisseling, wat belangrik is, veral om die jeuglede se aandag en belangstelling te behou.

Verwerk en vertaal uit: *Werken in het verbond, handleiding ten dienste van leid(st)ers en ouderbesturen*

Voel jy ook so?

EK IS TOG…

Jemima

Ja, ons sit lekker agteroor en bekyk die wêreld vanuit ons uitkyktoring…"Sal dit nie maar min wees wat gered gaan word nie; is daar nie maar min wat regtig Christus se naam wil dra nie?" En dan kom die antwoord : "Nee, daar is (buiten ons) nie veel nie…"

Ék hoef darem nie bekommerd te wees nie…hoewel, daar is 'n paar slegte dingetjies in my lewe, maar die HERE sal wel genadig wees. Ek is gedoop; en ek het belydenis gedoen; ek gaan elke Sondag kerk toe; ek lees en bid elke aand voor ek gaan slaap; en ek is selfs voorsitter van die jeugvereniging… *Ek is tog* seker een van die wat gered is!

In Lukas 13:23 vind ons dieselfde vraag as hierbo: "Here, is die wat gered word, min?" Let op die antwoord van Jesus. Hy gee nie 'n getal of persentasie as antwoord nie, maar vermaan ons daarenteen! Hy spreek ons aan met 'n woord wat ons direk deur die bodem van ons uitkyktoring laat val : "Stry, (ja, julle hoogmoedige vraers!) stry hard om in te gaan deur die nou poort!"

Waarom nou die bevel om te stry? Ons verlossing is mos God se genade…ek kan mos nie self iets bydra tot my verlossing nie? Hoekom moet ek dan stry om in te gaan; stry om verlos te word?

Luister, want Jesus gaan verder (Lukas 13:24b): "Daar sal baie probéér om in te gaan, maar sal nie in staat wees nie." Hulle sal sê : "Ons was tog lidmate van die kerk, waar U genadewoord aan ons verkondig is, waar ons van Jesus se versoeningsdood gehoor het, waar God se verbond met ons verseël is?" Ja, hulle het die evangelie gehoor, maar nie daarna geluister nie. Hulle het Bybelstudie gedoen, maar die woorde nie in hul hart bewaar nie. Hulle was ook wel aktief besig vir die HERE, maar hulle hart was nie op Hom gerig nie.

Dáárom moet ons stry! Ons moet ophou agteroor sit en dink ons is 'veilig'. Ons moet afklim aarde toe en begin werk. Bid en werk. Ons moet nóú die stryd aanpak, en nie uitstel nie! Want die poort is nóú…en die tyd kom, dat die deur gesluit word…

SEKSUALITEIT: IS DAAR GEVARE?

Anoniem

Hoe voel ons oor die teenoorgestelde geslag? Verstaan ons die begeertes wat so maklik geprikkel word as twee geslagte met mekaar omgaan? Kan ons hierdie begeertes beheer? Volgens Greg Speck was daar 'n keer 'n toets

gedoen van hoe mans reageer op verskillende dinge wat op 'n skerm voor hulle verskyn het. Daar het 'n prentjie verskyn van:
1. 'n Blom: Gaap! Min reaksie.

2. ’n Pragtige motor: Mmmm! ’n Bietjie reaksie het getoon.
3. ’n Kaal vrou: Die reaksie was enorm! Oë was wyd oop! (Speck, bl. 20)

In hierdie artikel kyk ons hoe ons met die teenoorgestelde geslag moet omgaan.

Geniet Seksualiteit

In die verlede was seks en verlange na die ander geslag as sonde beskou. Augustinus het byvoorbeeld gesê dat seks net toelaatbaar is ter wille van die voortplanting maar dat al die begeertes wat daarmee gepaard gaan, sondig is (Mulder, bl. 16). Maar as ons na God se Woord kyk, leer ons dat ons seksualiteit mag geniet: *...want alles wat deur God geskape is, is goed, en niks is verwerplik as dit met danksegging ontvang word nie...* (1Tim 4: 4). Seksualiteit is ’n gawe van God en is daar om geniet te word. Maar tot watter mate mag ons seksualiteit geniet? Daar is drie dinge wat ons hier moet onthou:

1. Ons liggame is nie ons eie nie, maar is duur gekoop. Ons moet alles in ons seksuele lewe tot eer van God doen. Verder moet ons versoekings vermy en daarvan wegvlug.
2. Liefde mag nie in die eerste plek selfbevredigend wees nie, maar soek die beste vir die ander.
3. In ’n verhouding leer twee mense mekaar stelselmatig ken.

Alles Tot Eer Van God

Ons moet ten alle tye God verheerlik, ook met ons liggame. Soos Paulus ook skrywe aan die Korinthiërs: *Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God.* (1Kor. 10: 31). Jerry Bridges stel hierdie saak ook duidelik in sy boek:

Our physical bodies and natural appetites were created by God and are not sinful in themselves. Nevertheless, if left uncontrolled, we will find our bodies becoming instruments of wickedness rather than instruments of righteousness (Rom. 6:13). We will be pursuing the cravings of sinful man (1Joh 2:16) instead of holiness. If we watch ourselves closely, we can see how often we eat and drink just to gratify physical desire; how often we lie in bed in the morning simply because we don’t feel like getting up when we should; how often we give in to immoral looks and thoughts simply to satisfy the sin-tainted sex drive within us. (Bridges, pp 110-111)

Jy moet in beheer wees van jouself en God so eer in jou hele lewe, ook met jou liggaam. Alles moet dan ook opgedra kan word aan die Here in gebed. Maar jy bid tog ook gereeld: *...lei ons nie in die versoeking...* Jy moet juis wegvlug van sekere versoekings soos Paulus ook aan Timótheüs skryf: *...Maar vlug vir die begeerlikhede van die jonkheid en jaag na die geregtigheid...* (2 Tim. 2:22). Selwyn Hughes het ’n goeie voorbeeld as illustrasie:

A young man who experienced great difficulty in his thought life after passing a cinema, to and from work, which displayed nude photographs, thought that the answer to his problem was to be found in persisting to pass the cinema until the nude photographs no longer bothered him. When he told his problem to a friend, he was advised to take another route to and from work, and when he did this the problem in his thought life cleared up of its own accord. (Hughes, pp127-128).

Is dit nie ’n versoeking om met jou meisie in ’n donker hoek te sit nie? Is dit nie ’n versoeking om elke aand saam alleen te kuier nie? Is dit nie ’n versoeking om saam in een slaapsak te lê nie? Is dit nie ’n versoeking om te vry in die swembad nie?

Nie Selfbevredigend

In liefde vir iemand van die teenoorgestelde geslag moet ons bereid wees om te gee. Ons kan so maklik die neiging hê om net ons eie seksuele verlangens te bevredig. Die gevoel van: *“Dit sou wel lekker wees om ’n ou of ’n meisie te hê”* sonder dat jy regtig gereed is om ’n verhouding te begin is selfsugtig. Greg Speck skryf oor hieroor onder die onderwerp van soen:

...Well then, what about kissing? What about making out for an hour and a half until our lips bleed?
Kissing ought to be a giving experience. “Because I love you I want to give you this kiss.” But let’s face it, for all of us who have made out it wasn’t a giving experience. It became a taking experience...
...Kissing that takes becomes unhealthy for the other person, because we begin to use him or her to satisfy our own desires. Your kisses ought to be valuable. You shouldn’t just hand them out like handshakes, because if you really end up

liking the person, what are you going to give next: a kiss? No, you've already given that... (Speck, p33).

Gierigheid en hartstog saam met slegte begeertes is selfs gelyk gestel aan afgodery in Kolossense 3.

Stelselmatige Ken-mekaar

Wat dan in verhoudings? Hoe groei 'n mens na mekaar toe? Is alle seksuele kontak voor die huwelik sondig? Hoe ver mag ek gaan?

Hierdie vrae is baie belangrik om oor te besin as jy in 'n verhouding verkeer. Hoe ver wil jy seksueel verkeer met jou maat en hoe ver mag jy gaan? Miskien dink jy ek breek in jou privaat lewe in omdat jy dink dat 'n Christen tog vryheid mag hê op hierdie gebied. Ja, tot 'n mate het ons vryheid op hierdie gebied, maar ons moet wel bewus wees van die gevare van "te vinnig te veel". Dr. James Dobson beskryf dit ook in sy boek soos volg:

Sexual contact between a boy and a girl is a progressive thing. In other words, the amount of touching and caressing and kissing that occurs in the early days tends to increase as they become more familiar and at ease with one another. Likewise, the amount of contact necessary to excite one another increases day by day, leading in many cases to an ultimate act of sin and its inevitable consequence. This progression must be conciously resisted by Christian young people who want to serve God and live by His standards. They can resist this trend by placing deliberate controls on the physical aspect of their relationship, right from the first date. (Dobson, pp283-284)

Dit wil nie sê 'n mens mag glad nie aan mekaar raak nie. Nee, 'n verhouding moet ruimte hê vir groei. Maar dit moet gebeur in verhouding tot hoe goed julle mekaar ken. Greg Speck illustreer die situasie so:

When you go out with a person, you get to know him or her spiritually, emotionally, and intellectually. You begin to develop open communication.

HOW WELL YOU KNOW EACH OTHER

	1	2	3	4	5	6	7	8...
Spiritual	----------→							
Emotional	----------→							
Intellectual	----------→							
Communication	----------→							

Then you ask, "Do you love me?"
"Well, I love you."
So you decide to sleep together. Now suddenly you know each other very well physically. All of a sudden you say, "I feel we are so close. I feel we know each other so well." But this is a false feeling, because there is a gap between where you feel you are and where you are in reality.

Nou dink jy, maar seks voor huwelik sal ek tog nie hê nie, so die bogenoemde geld nie vir my nie! Die hele punt wat bo gemaak is, is dat 'n mens stelselmatig moet groei, nie net fisies nie maar ook geestelik (*spiritual*), emosioneel, intellektueel en in kommunikasie. Dit is moeilik om 'n fisiese lyn te trek van hoe ver ons mag gaan, al gee Huggett in haar boeke wel 'n indikasie dat die lyn beste getrek kan word na soen en voor langdurige soen. Maar hierdie reël is nie hard en vas nie, omdat die Bybel ons min riglyne hieromtrent gee. Ons moet egter wel versigtig wees in hoe ons teen die ander optree, en onthou om jou naaste lief te hê soos God jou lief gehad het.

As afsluiting wil ek graag 7 punte aan julle oorlaat, verkort en vertaal uit Engels:

1. Ons moenie ly onder druk van vriende en familie om in 'n verhouding in te spring nie. Soms is dit selfs goed om verhoudings te vermy om met meer krag vir die Here 'n sekere taak te kan verrig.

HOW WELL YOU KNOW EACH OTHER

	1	2	3	4	5	6	7	8...
Spiritual	------→							
Emotional	----------→							
Intellectual	----------→							
Communication	----------→							
Physical	----------→							

(You feel at 8, but are in reality at about 5 physically) (Speck, pp 61-62)

2. Moenie uitgaan met 'n persoon net omdat hy of sy jou hart laat bons of net omdat jou knieë lam word vanweë uiterlike mooiheid en jou begeerte na die persoon.

3. Dink en bid. Oorweeg die voordele en nadele om met die sekere persoon uit te gaan. Jesus het nie sy vriende gekies na 'n emosionele toestand nie, maar het gebid in alle omstandighede. Vra jouself hoekom jy die spesifieke persoon soek.

4. In elke vriendskap moet jy 'n lig wees vir die ander persoon. Wys die persoon op God en sy genade en vrede en stel belang in sy geestelike groei.

5. Moenie enigiets doen wat die ander persoon kan seermaak nie; verstandelik, geestelik of emosioneel, maar stel wel altyd belang in die toestand van die ander persoon.

6. Doen alles binne jou vermoëns om seker te maak dat hy of sy sal aanhou om die Here te dien.

7. Werk daaraan met al jou krag om die ander persoon tot volle potensiaal te laat ontwikkel.

(Vertaal uit *Life in a Sex-Mad Society,* Joyce Huggett, pp 18-19.)

Bronnelys:
Bridges, Jerry, *The Pursuit of Holiness*
Dobson, James, *Life on the Edge*
Huggett, Joyce, *Just good friends?*
Huggett, Joyce, *Life in a Sex-mad Society*
Hughes, Selwyn, *How to Live the Christian Life*
Mulder, K., *Bijbel en Seksualiteit*
Speck, Greg, *Sex: It's Worth Waiting For*

LIRIEKE ONDER DIE LOEP

Corrien Geleijnse

What If God Was One Of Us? – Joan Osborne

Ek is seker die meeste van ons het al hierdie spesifieke liedjie oor die radio hoor speel, en gewonder wat ons daarvan moet dink. Ek het in elk geval al baie. Want die woorde van die liedjie klink vir my redelik aanvaarbaar.

Ek het 'n paar vrae wat Joan Osborne die wêreld instuur, opgeskryf en sal by elkeen van hulle so 'n bietjie van my persoonlike kommentaar lewer.

If God had a name,what would it be, and would you call it to His face if you were faced with Him in all his glory?
Wel, noudat ek regtig hier sit en daaroor nadink – God het tog 'n naam, het Hy nie? Ek noem Hom Vader, en dit is vir my eintlik genoeg om te weet dat Hy dit wel is en my liefhet. En as ek eendag voor die Regterstoel staan, wat sal ek God noem? My liefhebbende, maar regverdige Vader, dalk. Ek weet nie regtig nie.

What if God was one of us? Just a slog like one of us, just a stranger on a bus, trying to make his way home?
Ja, wat dan? Ek het al baie daaroor gewonder. As ek geleef het in die tyd waarin Jesus op aarde was, sou ék geglo het dat Hy inderdaad die Seun van God is? Want Jesus was tog net soos ons 'n mens, behalwe dat Hy geen sonde gedoen het nie. En dis moeilik om iemand wat net soos ons is, vir 'n Goddelike wese te neem en te aanbid. Ek dink ons kan maar net bid dat ons die krag en die wil sal hê om aan ons naastes goed te probeer doen – hulle kos te gee as hulle honger is, klere as hulle naak is, en hulle te versorg as hulle gevange is.



If God had a face, what would it look like, and would you want to see it if seeing meant that you would have to believe in things like heaven, and in Jesus and the saints, and all the prophets?
God het 'n gesig, maar vir ons as sterflinge is dit te heerlik om te aanskou. Ons kan God se gesig nie sien nie, want dit sou ons dood beteken. En om te vra of ek God se gesig sou wou sien as dit beteken dat ek sou moes glo in die hemel, in

Jesus en die profete, klink vir my nie juis na iets wat heeltemal is wat ek glo nie. Ons kan nie sê dat ons eers God se gesig wil sien, en dan sal glo nie. Elkeen van ons – ongelowiges sowel as gelowiges – sal God se gesig sien as ons geoordeel word, maar dit is ons nou nog nie beskore nie.

Ek reken dit gaan op die ou einde oor die bedoeling van die sangeres. Het sy die liedjie geskryf met die doel om mense aan die dink te sit? Wou sy dalk ongelowiges daarmee bereik om hulle tot insig te probeer bring? En die musiek self. In die geval van hierdie liedjie is dit rustig, en pas tog wel by die woorde, anders as sekere gospelgroepe wat meer na *industrial* as na enigiets anders klink.

Daar is volgens my in hierdie liedjie 'n paar wanklanke, maar dit het my tog aan die dink gesit.

Sosiaal

SLEUTELGAT

Hallo, alle nuuskierige sleutelgatlesers.

Die nuwe jaar is weer in volle swang en ons almal – ja, insluitend die uwe; dis raar maar waar – is weer hard aan die gang. Behalwe natuurlik daardie lui nasie wat deur die Universiteit van Stellenbosch gehuisves word. Hulle sal seker eers met die ter perse gaan van hierdie uitgawe so effens aan die gang kom. Kom ons hoop hulle werk dan harder as ons ander studerende en skoolgaande siele om die agterstand van 'n langer vakansie in te haal.

Daar is vier van ons jeuglede wat hul matriekjaar in 2001 sommer met die eerste probeerslag suksesvol afgesluit het. Baie geluk aan Annamarie, Chrisjan, Frans en Hester, en sterkte met die jaar wat voorlê. Later in die uitgawe sal julle kan uitvind wat elkeen van hulle vanjaar aanpak. Weereens 'n groepie baie uiteenlopende karakters.

Op die sosiale front het die Kapenaars so ietwat van 'n *post-holiday-stress* borrel gehap, want daar was nie soveel aksie aan die anderkant van die deur waarvan ek die sleutelgat vroeër vanjaar met soveel moeite mooi skoon gemaak het nie. Maar heeltemal gevrek was dit darem nou ook weer nie. Dit was Ewart – gerugte het dit dat julle klomp aan die verkeerde kant van die Vaal hom beter ken as Verward? – wat vir ons 'n braai georganiseer het. Daar kon ons weer ons byna verlore gewaande suster Antoinette Raimond, in ons midde verwelkom na 'n paar maande in die verre vreemde van Nederland. Sy is nie eers so wild bleek nie, maar ons hoor die *zonnebank* doen nogal heelwat om die winter*whites* die nek in te slaan.

Verder word elke koffiedrink in die Nuwejaar sover gekenmerk deur 'n paar potte tien-op-en-neer. Die kaarte is welwillend geskenk deur Magda, Corrien, Ewart, Carina en Chrisjan wat so 'n bietjie vir 'n paar dae lank die pad gevat het Ceres toe. Daar het hulle blykbaar stierlik verveeld geraak, kaarte gaan koop en wou daarna glo nie eers weer terugkom huis toe nie. Toe hulle dus wel weer te voorskyn kom uit die Bos, was daar gerugte van 'n nuwe hygroman – hyg van die lag, verduidelik hulle baie haastig – wat die rakke van ons boekwinkels binnekort sou versier. Elke keer as ek hulle probeer uitvra waaroor die boek nou eintlik gaan, gaan hulle sommer self so aan die lag dat ek nou nog steeds wel die klok iewers hoor lui, maar nog nie so lekker weet waar die bel hang nie.

En natuurlik was ons verheug om weer die welbekende gesig van Sonja v/d Linden hier in die kerk te sien. Eindelik tot die besef gekom dat die Kaap eintlik die regte land van melk en heuning is? Ons hoop jy het goed uitgerus vir die tawwe jaar wat voorlê, en sterkte met die intrekkery in Stellenbosch!

Nou ja, dit omtrent al waaroor ek op hierdie stadium kan berig. Ek sien al wel so 'n paar woelinge van opkomende sosiale aktiwiteit deur die klein ou sleutelgaatjie, maar daaroor meer in die volgende uitgawe.

Tot dan, sterkte aan almal met alles wat aangepak is en uitgevoer moet word.

Die Sleutelgatloerder

EENDAG AS EK GROOT IS …

Soos ons in vorige uitgawes ook reeds gedoen het, het die Kaapse redaksie so ‘n bietjie gaan uitvind wat ons ex-matrieks van 2001 beplan om met hul lewens te doen. Almal van hulle blyk van mening te wees dat kennis mag bring, want hulle soek almal die nimlike teenwoordigheid van dosente en lektore op in die jare wat voorlê. Maar lees self wie wat beplan.

Wat en waar gaan jy hierdie jaar swot? was ons eerste vraag aan elkeen, en die antwoorde was:
Annamarie Eefting: B.Rek op Stellenbosch
Chrisjan van Alten: B.Sc.Agric op Stellenbosch
Frans Geleijnse: IT by CTI in Durbanville
Hester Douma: Onderwys op Wellington

Hoe lank duur elkeen se kursus?
Annamarie Eefting: 3 jaar
Chrisjan van Alten: 4 jaar
Frans Geleijnse: 8 maande
Hester Douma: 4 tot 5 jaar, afhangende van my lus om verder te swot.

Ons het hulle gevra om ons so ‘n bietjie te vertel waar hulle hulself oor 5 jaar van nou af sien.
Annamarie Eefting: Ek sien myself oor 5 jaar as ‘n onervare, jong klerkie met baie studieskuld by die een of ander finansiële instelling.
Chrisjan van Alten: Op ‘n wynplaas, Drink-‘n-bietjie, met so een of twee dubbelgoue wyne agter my naam.
Frans Geleijnse: Met baie geld in my bank-rekening en agter die mees gevorderde rekenaar denkbaar.
Hester Douma: Dalk nog steeds agter die boeke. Anders voor ‘n klas vol kinders, hetsy hier of oorsee.

Dan het ons elkeen ‘n bietjie ‘n persoonliker vragie gevra, en hier is wat hulle gesê het:
Vir **Annamarie** het ons gevra hoe sy, in die lig van deesdae se gerugte van korrupsie en verduistering beplan om die reguit paadjie met ons geld te bewandel. Daarop het sy heel vroom verklaar: “Gewoon: *Don’t do fraud…*”

Gerugte het dit dat **Chrisjan** sy “suster” in die bedryf, Corrien Geleijnse, die loef gaan probeer afsteek in die maak van wyn. Ons het net gewonder hoe hy beplan om dit te doen. Hy het verduidelik dat daardie selfde gerugte verkondig dat Corrien ook net in die bedryf is om ‘n ryk wynboer los te slaan. Nou, daardie aktiwiteit sal volgens hom baie van haar tyd en moeite verg, en so sal haar wynmaakoperasies seker ook ietwat in die slag bly…

Aan **Frans**, met die baie berugte vertellings oor sy groot konsentrasievermoë in gedagte, het ons gestel dat ons hoor dat sy klasure meer as net baie lank is. Hoe beplan jy om die selfdissipline bymekaar te maak om elke dag ten minste die helfte van jou klasse by te woon? Sy antwoord: “Al wat ek nodig het is ‘n Powerade bottel vol brandewyn en coke en ‘n pakkie sigarette elke dag en niks kan my konsentrasie breek nie”.

Hester, as voornemende onderwyseres, het die volgende vraag vir ons beantwoord:
In hierdie era van rasend ondeunde kinders, met geen respek vir gesag, hoe beplan jy om wet en orde in jou klas te handhaaf?
Haar antwoord: Soos koning Rehabeam, met stokke en swaarde sal ek my gesag op hulle afdwing! Nee, ernstig nou, deur vriendelik maar tog regverdig op te tree, sal mens baie kan regkry.

Hulle laaste opdrag was om vir ons ‘n prentjie van hulself te teken, of as alternatief ‘n opstel van ten minste 3000 woorde te skryf oor die rede hoekom nie. Nodeloos om te sê, het hulle elkeen maar gedwee die sketsboek en papier opgeneem.

VOETSPOOR

Waar die vorige Voetspoor nog in volle sprankel van die lewe afgesluit het; vol vakansiegees, lewenslus en verdere gejaag na wind, sal hierdie Voetspoor aansienlik minder bemoedigend vir die gemiddelde onderdeel van Olielamp se teikengroep wees. Ja, dit was alles ‘n gejaag na wind: hierdie hele vakansie. Want wat pryk seëvierend op menige leser se lessenaar? Ja, jy het dit, geagte leser! ‘n Rooster en een enorme berg boeke, ter waarde van, uhm laat ons sê: al jou suurverdiende geld?

Wat verder nog so belaglik is, is dat ons na ‘n vakansie, volgens die mensdom, uitgerus moet wees, maar dat dit (ook gesien al die aktiwiteite van die vakansie – sien vorige uitgawe) glad nie die geval is nie. Word almal al net so depressief en selfbejammerend as ondergetekende?

Nee, los alle depressiewe dinge; kom ons dink aan positiewe dinge aan die begin van ‘n akademiese jaar……Ag, los dit ook maar.

Goed, die eintlike doel van Voetspoor is nie om ‘n artikel vir Voel jy ook so te skryf nie, en dan jou diepe ongelukkigheid oor jou lot te uit nie, maar om alle onwetendes wetend te maak oor die aktiwiteite van die jeug. Maar soveel het ook nie eintlik gebeur nie.

Ja, daar het wel so ‘n paar goed gebeur in die naweë van die vakansie, maar om dit nou alles te gaan staan en opnoem? Nee, dit is half sadisties. Daarom sal die onderwerpe maar bly by die gewone dinge van die lewe.

Ja, die lewe. Dit kan soms snaaks loop. Neem nou ‘n doodgewone jongeling, kom ons sê sy naam is Johan. Johan Bijker om presies te wees. Nou, wie sou ooit kon dink dat hierdie rustig-ogende jeuglid 15 maande van sy lewe gaan voortsit in Antarktika? Wat laat hierdie legendariese penningmeester der penning-meesters (van allerhande verenigings en ander instansies) nou besluit om Antarktika toe te gaan? En tog gaan hy (al is dit dan eers oor ‘n paar maande), en dit vind ons natuurlik nie so heel opwekkend nie, want wie moet nou al die finansies beheer?? Maar soos ons ander legende (sjoe, ons het maar baie van hulle), Patty, sal sê: dis *university of life.* En daarom wens ons Johan alles van die beste toe in die koue, en dat jy dit daar sal geniet.

Die verenigings het ook weer begin, en alles is dus weer in die ritme waaraan ons al gewoond is vir die afgelope paar dekades. Maar daar is een verskil: daar het naamlik ‘n Gereformeerde McDonalds geopen, of so lyk dit. Nee, dis nie die snoepie van die Johannes Calvyn skool nie, nee, dis ‘n regte McDonalds. En die gereformeerdheid is ook nie in so ‘n mate dat die *cheeseburgers* van ongesuurde brode gemaak word nie, maar dis net elke Dinsdagaand so net na half tien opvallend hoeveel VGK-ers rondhang by die McDonalds. Dus die a-kulturele McDonalds-kultuur het nou al selfs in ons kerk ingesypel. Hoe laag kan 'n mens daal… Alhoewel…die *cheeseburgers is best te eten*.

En hier kom ‘n spesiale versoek van Patty: hy en Henriëtte gaan uit (wie weet dit nou nie?), maar die rede hoekom dit nou tog vermeld word, is omdat dit skynbaar vir Patty opgeval het dat daar nie ‘n woord van hom en sy vlam in die Olielamp gestaan het nie. Tot groot ergernis van hom. En alhoewel ek prinsipieel daarteen is om my in te meng met Cupido en sy weë, sal ek nou ‘n uitsondering maak vir Patty, omdat hy dit so mooi gevra het. Dus indien iemand anders ook graag vermeld wil word, *je weet me wel te vinden, hé*!

En so sal die lewe dus maar voortgaan, van McDonalds tot Antarktika. Maar wie weet, dalk verbaas die gebeurtenisse van nou tot die volgende uitgawe ons net soveel as wat Johan en verdere *freaks* ons verbaas het…

Tot die volgende keer

PLAASNAWEEK

Elizabeth Aartsma

Vir sommige was dit studente-vereniging, vir ander was dit ‘n gesellige, amper slaaplose nag met ‘n baie interessante lesing oor ‘Human activity and climate change’. ‘n Lesing om nooit te vergeet nie wat oom Roelof Bruintjes aan ons voorgehou het.

Het u geweet dat 49% van die lug se besoedeling deur karre veroorsaak word? Ongelukkig het almal wat daar was, aktief daaraan deelgeneem deurdat ons moes uitry plaas toe. Veral dié wat die pad na die plaas byster geraak het en 2 ure onderweg was.

Ook het hy gepraat oor die faktore wat die aarde verhit, soos bv. die son. Dis hoekom ons seker op ‘n sonneblom-plaas was, waartussen ons geskuil en gesluip het, met soms ‘n stortreën van sand oor ons koppe.

Dan is daar ook die aspekte wat die aarde afkoel. Het u geweet dat ‘n waterdruppel om ‘n stofdeeltjie vorm? Dit het ons ook ervaar, aangesien ons van die gronddeeltjies op ons klere, lywe (so saam met die sweet) en in ons hare ontslae moes raak. Dit het ons sommer gedoen deur gebruik te maak van die water uit die tuinslang.

Dit was als interessante nuus, maar ongelukkig is daar ook nog skokkende nuus. Hulle voorspel naamlik ‘n waterskaarste en ‘n droogte vir ons land. Maar moenie te bekommerd raak nie, Amerika spaar al!!

Almal het die ‘plaasnaweek’ geniet, veral omdat oom Akco en tannie Nini so vriendelik en tegemoetkomend was. Ook die gebruik van die plaas, daarvoor wil ons vir hulle baie dankie sê.

Ongelukkig is al die geselligheid alweer verby en moet ons almal weer op ons eie manier hard aan die werk spring. Sterkte daarmee!!

Nog iets…

GEDIG: DIE GAWE VAN ENKELWEES

“Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle.”
1 Tess. 5:18

Die laaste paar maande is daar baie jong paartjies wat getroud is en daar is nog ’n hele klomp wat in die volgende paar maande hoop om te trou. Hulle het almal hul lewensmaat gevind. Maar wat van ons wat oorbly? Miskien word jou nou ook al 'n bietjie ouer. Miskien verlang jy ook daarna om jou lewensmaat te ontvang. Maar hy/sy kom net nie. Jy voel eensaam. Jy verlang.

Wat moet ons maak in hierdie omstandighede? Dit is die vraag wat die volgende gedig baie mooi beantwoord. God het ’n plan met elkeen van ons. Hy kan ook vir ons die gawe van enkelwees gee. Dit lyk miskien nie soos ’n gawe nie, maar nogtans is dit. Ons moet dié gawe dan ook met dankbaarheid ontvang (sien teks hierbo).

Groete,
Willemien

THE SINGLE GIFT

How blessed you are, you single one,
Don't talk of care and woes.
You've got too much to be thankful for,
Oh what, you'd like to know.

It's no mistake, no misdirection
Of God's perfect plan,
That you've not found your special lady
Or you, that certain man.

God loves you so and has much more
To give than you've ever received.
That He's giving His best to you right now,
You really must believe.

His best is Himself, do you have it in full
Or only a bit on the side.
No man can meet your needs like God,
Nor can a lovely bride.

If your life's not complete, you know that Jesus is
And your life He will fill
If you'll only put Him first each day
And live to do His will.

He's gifted you for undistracted
Devotion to the Lord.
There should be nothing that can interfere
With Him and prayer and the Word.

Unless you let down the guard of your heart
And let others take His place,
Then you'll lack joy and peace and hope
And not experience His grace.

So give your heart right back to God,
Let Him keep it safe for you.
And when it's better than His best,
He'll make your one into two.

Donna L. Mihura

VERJAARSDAE

Bethal	
Albert Coetzee	16-Mar
Johannesburg	
Wolter Bijker	20-Mar
Johan van Lith	22-Mar
Pauline Seijdlitz	27-Mar
Leo Boessenkool	23-Apr
Kaapstad	
Corrien Geleijnse	1-Mar
Sjirk Geerts	5-Mar
Kornelis Miske	21-Mar
Maarten Raimond	21-Mar
Ingrid Byker	13-Apr
Maartje Eefting	19-Apr
Alfred Haak	24-Apr
Maranata	
Bertha de Jager	3-Mar
Jean-Paul van den Bout	12-Mar
Gerda Aartsma	24-Mar
Marinus de Jager	31-Mar
Hermien Bijker	15-Apr
Irma Boon	20-Apr
Jessica Kampman	21-Apr
Herman de Jager	25-Apr
Janneke de Vries	30-Apr
Pretoria	
Ineke Roose	2-Mar
Marjanie Roose	2-Mar
Jan Lubbinge	13-Mar
Annelieke de Vries	21-Mar
Hilbert van den Bout	25-Mar
Natasha Danielz	25-Mar
Pieter Bron	25-Mar
Albert van der Poel	26-Mar
Frank Douma	30-Mar
Monique Bosker	4-Apr
Gerrit Kamphuis	7-Apr
Jeannette Bekker	8-Apr
Petra Ros	14-Apr
Annelie Hagg	20-Apr
Ranko Agema	23-Apr
Karina Smit	25-Apr
Nicolas Kleyn	26-Apr